

AMOS GEBEDSBRIEF

deur Smittie Kotze

Kontak Smittie by: smitlinz@iway.na
Tel: 063 260 180 081 250 0746

Amos Kantoor: adminnamibia@amosafrica.net
www.amosafrica.net/namibia
Tel: +264 81 1488 993 Faks: +264 61 253 182

Goeiedag Amosvriende en medebidders

Dankie dat jy die briefie lees. Mag die Here jou hierdeur seën! Sal jy dit asseblief aanstuur na almal op jou adreslys wat jy dink daarby sal baat.

Christus word 'n groter werklikheid vir die een wat daarin volhard om in Sy teenwoordigheid te ... wees. C Cowman

Bid God se wil en jy sal gewaarborgde gebedsverhoring beleef! "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enige iets volgens **Sy wil vra**" (1 Joh 5:14).

Vandag staan ons stil by: **Vlug van sonde!**

Bid dat God se wil in jou lewe sal geskied. Sy wil vir jou is...
118. dat jy sal weghardloop van die sonde met sy verskuilde strikke.
Lees: 1 Tim 6:11 - 20.
"Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug" (v 11).

Onthou jy nog vir Josef wat daar in Egipte in Potifar se huis gewerk het as die hoof van die diensknegte in die huishouding van sy eienaar en die listige Potifera wat hom so slinks probeer verlei het. Onthou jy dat Josef met soveel dringendheid uit die huis, weg van haar verleiding, gevlug het dat sy met 'n stuk afgeskeurde lap in haar hande bly staan het.

Dit laat my dink aan Forest Gump wat oor die VSA gedraf het en as hy moeg word het hy vir homself die woorde: *Run, Forrest, run!* gesê.

Paulus sê presies dit vir Tomoteus en elke ander gelowige. Hardloop, Boeta of Sussa, hardloop!! Vlug weg van die sonde en sy verleiding af! Paulus gee in **1 Tim 6:11** die heel beste raad in sonde bestryding. Vlug daarvan weg!! Jy en sonde moet nooit op dieselfde tyd op dieselfde plek wees nie. Sonde is nie jou speelmaat nie. Kruis jou pad met sonde, gaan jy beslis baie sterk moet staan. Sonde gaan beslis 'n kans op jou vat.

Op jou eie krag sal jy nooit van sonde kan weghardloop nie. Op jou eie is jy gewoon te stadig en dan het ons nog nie van tydsberekening gepraat nie. As ons Jesus toelaat om te heers in ons lewe sal Hy ons fiks en sterk maak om teenstand te bied teen sonde, sowel as om te vlug. Josef was nie in sy eie krag instaat om weerstand te bied teen die verleidelike vrou van sy eienaar nie. Sy liefde vir God en daarmee saam die Heilige Gees se beskerming het hom gehelp. God het Josef gehelp om te vlug! Met Jesus aan jou kant sal sonde altyd 'n tree of wat te stadig wees. Jesus se beskermende bloed laat versoekings tweede kom. **Christus word 'n groter werklikheid vir die een wat daarin volhard om in Sy teenwoordigheid te wees.** (C Cowman) Hoe nader jy aan Jesus leef, hoe veiliger is jy.

Die regte oefening om te vlug van die sonde is: oorgee aan Jesus, toewyding en geloof. Volgens Paulus moet ons die Here Jesus toelaat om hierdie wonderlike geestelike gawes 'n werklikheid in ons lewens te maak. Met Jesus by jou hardloop jy al vinniger en verder weg van die sonde af. So weerspieël ons die heerlikheid van God.

Gebedsake:

1. Jesus, ek wil by U skuil sodat U my kan help as sonde my bedreig.

2. Bid dat alle Christene God se beeld sal vertoon.

3. Bid dat alle Amosstudente in hul gemeenskappe sal uitstaan vir Jesus.

4. Ouers, bid dat jou kinders respek vir God en hul naaste sal hê - 1 Petrus 2: 17.

5. Bid die week vir die Omaruru BV.

6. Bid dat almal mooi reëns die seisoen sal ontvang.

7. Bid vir ons verjaarsdagmaats.

	Februarie	
4	Annabel Visser	Hentiesbaai

Amosgroete vanuit 'n nat, pragtige Kalaharie
Smittie Kotzé
Bestel gerus vir jou 'n "Gebedsleiding". Kontak Suna Brisley in die Amoskantoor by: 081 148 8993.
As jy 'n plaaswerkerskamp wil bespreek, kontak vir Jannie Wiese by: 062-570316 of Hendrik Botha by: 062-518375.